

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekweiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting} + \text{Rente-uitgawe}}{\text{Gemiddelde kapitaal aangewend}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste		(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Eindvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	Bedryfsbates – Bedryfslaste
Niebedryfslaste : Aandeelhouersekweiteit		Totale bates : Totale laste
$\frac{\text{Wins na belasting}}{\text{Getal aandeel uitgereik}}$		$\frac{\text{Dividende op gewone aandeel}}{\text{Getal aandeel uitgereik}}$
$\frac{\text{Vaste koste}}{(\text{Verkoopsprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid})}$		$\frac{\text{Totale gewone aandeelhouersekweiteit}}{\text{Getal aandeel uitgereik}}$

VRAAG 1 VERSOENING**(20 punte, 25 minute)**

Thabo se Kafee is in die suide van Johannesburg geleë. Thabo verkoop basiese voedselitems aan klante slegs vir kontant. Hy koop egter wel voorraad vir kontant en op krediet. Thabo het onlangs besluit om 'n kredietooreenkoms aan te gaan met CBS (Conti Bread Suppliers), sy broodverskaffer, op 1 Junie 2015.

Thabo het geen ander personeel in diens nie. Hy is alleen verantwoordelik vir die bestuur van die onderneming se bankrekening en alle ander rekeningkundige rekords. Hy hou 'n basiese rekord van al sy finansiële inligting. Thabo het sy rekeningstaat van CBS vir Augustus 2015 ontvang. By nadere ondersoek vind hy teenstrydighede tussen die staat wat van CBS ontvang is en sy interne krediteurerekords.

Staat van CBS ontvang:**Thabo se Kafee**

Mnr. Thabo Mulefe
Afrit / Viviennestraat
Johannesburg
2091
(011) 601 5442

Datum van Staat: 31 Augustus 2015
Rekeningnommer: XX 21

Datum	Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
01/08/15	Saldo o/b			865,40
04/08/15	Faktuur B55	116,25		981,65
05/08/15	Kredietnota 245		31,66	949,99
07/08/15	Kwitansie 72 – betaling Dankie		300,00	649,99
07/08/15	Korting		24,00	625,99
12/08/15	Faktuur B82	1 340,67		1 966,66
14/08/15	Faktuur B91	256,13		2 222,79
20/08/15	Kwitansie 99 – betaling Dankie		250	1 972,79
26/08/15	Faktuur B121	184,56		2 157,35
27/08/15	Kredietnota 288		84,22	2 073,13

Debiteure-ouderdomsontleding van uitstaande skuld

90 + dae	60 dae	30 dae	Huidig

Kredietvoorwaardes:

- Alle skuld moet binne 30 dae na die datum van die staat (d.w.s. die maand na aankoop) vereffen word.
- 'n 8%-vereffeningskorting op betalings word gegee indien betalings binne die aankoopmaand gedoen word.

Bykomende inligting:

1. Van die saldo van R865,40 wat op 01/08/15 deur Thabo se Kafee aan CBS verskuldig is, is R684 vir Junie-aankope en die res vir Julie.
2. Kredietnota 245 op 05/08/15 is vir goedere wat op 04/08/15 gekoop is.
3. Die saldo volgens die krediteuregrootboek van Thabo se Kafee is R1 034,94 soos op 31/08/15. Na sorgvuldige vergelyking van die staat, die krediteurekontrolerekening en CBS se krediteuregrootboek in die boeke van Thabo se Kafee is **die volgende probleme op die staat aangetref**:
 - Faktuur B82 op die staat is nie vir kredietaankope wat deur Thabo se Kafee gedoen is nie.
 - Die korting toegestaan op 07/08/15 moes nie gegee gewees het nie.
 - Die werklike waarde van die kredietnota wat op 27/08/15 toegelaat is, is R94,18.

Die volgende probleme is in die boeke van Thabo se Kafee ontdek:

- Faktuur B55 is verkeerdelik in die boeke opgeteken as R416,25.
- Die debietnota op 05/08/15 is ingeskryf as R43,22. Dit is nie die korrekte waarde van die kredietnota wat van CBS ontvang is nie.
- Die kontantbetaling op 20/08/15 en faktuur B121 is slegs in die krediteuregrootboek ingeskryf. Hulle is nie in die toepaslike joernale ingeskryf nie.

VRAAG 2 ONTLEDING VAN GEPUBLISEERDE FINANSIËLE STATE

(50 punte, 60 minute)

DEEL A

Die volgende inligting is aangepas uit die gepubliseerde finansiële jaarstate vir die jaar eindigende 31 Maart 2015 van Eskom Holdings SOC Limited (Eskom).

Eskom is Suid-Afrika se primêre elektrisiteitsvoorsiener. Ingevolge die akte en statute van oprigting is die gemagtigde aandeelkapitaal 1 000 aandeel van R1 elk. 1 aandeel is uitgereik teen R1 en behoort aan die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, verteenwoordig deur die Departement van Openbare Ondernemings (DOO). Alle onuitgereikte aandeelkapitaal is ook onder die DOO se beheer.

Die maatskappy wek elektrisiteit op en dra dit oor en versprei dit deur munisipaliteite aan sektore binne Suid-Afrika sowel as aan ander binne die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap-gebied.

Uittreksel uit die gepubliseerde finansiële state se afdeling getiteld:

Versekering van Eskom se finansiële volhoubaarheid

Eskom het toereikende likiditeit om aan sy bedryfslasvereistes te voldoen. Eskom bly vol vertroue dat die oorblywende befondsing vir die huidige kapasiteituitbreidingsprogram (wat windturbines insluit) verkry kan word, maar dit moet gebalanseer word met die negatiewe vooruitsig van die graderingsagentskappe. **Ontvangbare rekeninge is meestal verskuldig deur munisipaliteite wat wettige toegang tot elektrisiteit verseker vir alle betalende mense wat binne hul grense woon.**

Uittreksel uit die Onafhanklike Ouditeursverslag

Na ons mening bied hierdie finansiële state die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële posisie van Eskom Holdings SOC Limited soos op 31 Maart 2015 in alle wesenslike opsigte billik aan in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Maatskappywet van Suid-Afrika.

Finansiële Aanwysers:	Teikens	Werklik	Werklik
	2017/2018	2014/2015	2013/2014
Skuldekewiteit	3.70 : 1	2.60 : 1	2.06 : 1
Bedryfsverhouding	–	0.88 : 1	0.54 : 1
Vuurproefverhouding	–	?	0.26 : 1
Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk (in dae)	–	132 dae	128 dae
Solvensieverhouding	1.24 : 1	?	1.34 : 1
Bruto wins op omset	–	49.96%	52.83%
Bedryfswins op omset		10.03%	8.50%

Verkorte groepinkomstestaat

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2015 Rm	2014 Rm
Inkomste	?	128 775
Primêre energiekoste	(68 688)	(60 120)
Energieverliese (tegnies / nietegnies)*	(1 124)	(628)
Bruto wins	69 694	68 027
Ander inkomste	962	1 126
Ander bedryfsuitgawes	(56 658)	(58 213)
Bedryfswins voor netto finansierings(koste)/-inkomste	13 998	10 940
Netto finansierings(koste)/-inkomste	(4 772)	(3 901)
Finansieringsinkomste	2 475	1 985
Finansieringskoste	?	(5 886)
Netto wins voor belasting	9 226	7 039
Inkomstebelasting	(2 137)	(1 856)
Wins vir die jaar	7 089	5 183

*Hierdie verliese sluit verliese vanweë onwettige verbindings en meterpeutery in

Verkorte groepstaat van finansiële posisie

soos op 31 Maart

	2015 Rm	2014 Rm
Bates		
Niebedryfsbates	439 869	378 775
Eiendom, masjinerie en toerusting	430 807	370 358
Beleggings	318	296
Toekomstige brandstofvoorraad	8 744	8 121
Bedryfsbates	65 124	53 249
Voorraad	28 870	27 704
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	16 578	14 925
Kontant en kontantekwivalente	19 676	10 620
Totale bates	504 993	432 024
Ekwiteit		
Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan eienaar	119 784	109 139
Laste		
Niebedryfslaste	310 915	224 446
Lenings	310 915	224 446
Bedryfslaste	74 294	98 439
Handels- en ander bedrae betaalbaar	54 036	76 259
Lenings	20 258	22 180
Totale laste	385 209	322 885
Totale ekwiteit en laste	504 993	432 024

DEEL B Probleemoplossing

Hierdie afdeling hou NIE enigsins met Deel A verband nie.

Falcon Bpk. en Microdot Bpk. is albei telekommunikasiemaatskappye in Suid-Afrika wat op die JSE genoteer is. Albei maatskappye voorsien netwerke, telefone, mobiele telefone en Internet-gekakelde rekenaars aan huishoudings en die besigheidsmark.

Oorsig van Maatskappye:

Falcon Bpk. In 2001 gestig. 'n Bestaande, lojale kliëntebasis het verseker dat 'n stabiele netto winsgrens jaarliks behaal word. Die maatskappy verkeer in goeie finansiële gesondheid. Geen nuwe aandele is die afgelope 2 jaar uitgereik nie, maar vanweë surplusfondse is aandele in die laaste finansiële jaar teruggekoop.	Microdot Bpk. In 2013 gestig. Aansienlike uitbreiding is aan die gang vanweë die vraag van kliënte. Befondsing is verkry deur lenings en aandele-uitgifte. In die afgelope jaar is 300 000 aandele uitgereik.
--	--

Verhoudingsontleding soos aan die einde van die laaste twee finansiële tydperke eindigende in 2015 en 2014:

Falcon Bpk.			Microdot Bpk.		
Verhouding	30 Junie '15	30 Junie '14	Verhouding	31 Aug '15	31 Aug '14
VPA	5 620 c	4 882 c	VPA	889 c	720 c
DPA	2 097 c	1 855 c	DPA	192 c	130 c
NBW	9 064 c	8 240 c	NBW	3 694 c	3 212 c
Markwaarde	9 746 c	9 522 c	Markwaarde	3 546 c	2 987
Opbrengs op aandeelhouders- ekwiteit	22.68%	22.43%	Opbrengs op aandeelhouders- ekwiteit	17.65%	16.11%
Solvensie	1.12 : 1	1.35 : 1	Solvensie	0.56 : 1	0.48 : 1
Omset	R 56.83m	R52.33m	Omset	R4.61m	R3.8m
Netto winsgrens	4.65%	4.58%	Netto winsgrens	3.67%	2.31%

VRAAG 3 BATEBESTUUR**(30 punte, 35 minute)**

Wakker Winkel is 'n klein kleinhandelwinkel wat in die middestad van Kaapstad geleë is. Alle goedere word vir kontant verkoop. Hulle het onlangs bekommerd geraak oor moontlike voorraadverliese van sespakeenhede Duracell AA-batterye op een van hul rakke agter in die winkel. Hulle het nog 'n rak voor in die winkel, by die kassiere, met dieselfde sespakeenhede Energizer AA-batterye. Die prys van hierdie batterye het onlangs skerp gestyg.

Beelde hieronder verteenwoordig die produkte wat genoem word.

**Let wel:**

- Hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel om hul voorraad op te teken en ook die EIEU-metode om voorraad te waardeer.
- Hulle handhaaf 'n **konstante voorraadbasis** van 300 batterypakeenhede op elke rak.
- Hiervoor tel hulle twee keer gedurende die maand (aan die einde van die 15de en 30ste dag van die maand) hoeveel eenhede hulle op elke rak oor het en dan koop hulle eenhede om die voorraadbasis te handhaaf.

Hieronder is inligting oor die betrokke rakke vir die tydperk 1 tot 30 Junie 2015:

	Rak agter in die winkel Duracell-sespakeenheid		Rak voor in die winkel Energizer-sespakeenheid	
	Eenhede	R	Eenhede	R
Beginvoorraad 1 Junie 2015	300 eenhede teen R32 elk	9 600	300 eenhede teen R32 elk	9 600
Aankope				
- 15 Junie	228 eenhede teen R42 elk	9 576	280 eenhede teen R42 elk	11 760
- 30 Junie	286 eenhede teen R48 elk	13 728	270 eenhede teen R48 elk	12 960
Voorraadskenkings				
- 16 Junie	—	—	50 eenhede teen kosprys	?
Eindvoorraad 30 Junie 2015	300 eenhede	?	300 eenhede	?

Al die AA-sespakeenhede Duracell en Energizer word teen R78,00 elk verkoop. Die volgende tabel toon die getal eenhede wat werklik verkoop is volgens die kasregisterbande:

Vir die tydperk van:	Duracell	Energizer
	Eenhede	Eenhede
1 – 15 Junie	212	278
16 – 30 Junie	264	215

UITLEG: WAKKER WINKEL

